

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 25 September 2011**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 46:1	Bl.236	Psalm 145:1 – 5	Bl.696
2.	Psalm 47:1	Bl.240	Psalm 47:3 & 4	Bl.240
3.	Skrifberyming 12-2:1- 5		Psalm 20:2 & 4	Bl.90
4.	Skrifberyming 9-3:1		Skrifberyming 18-7:1, 10-12	
5.	Psalm 68:9 & 13	Bl.334	Skrifberyming 13-2 (Amen)	
6.	Skrifberyming 13-2 (Amen)			

**BEROEPING VAN 'N PREDIKANT**

Ds. Griffel van Wyk het ons die afgelope week in kennis gestel dat hy nie die beroep na ons gemeente opvolg nie. Ons berus in die wete dat die Here weet wat Hy self vir ons gemeente beplan (Jer.29:11). Die gemeente kan van vandag af weer name indien van predikante wat moontlik na ons gemeente beroep kan word, met die enigste vereiste dat 'n predikant langer as 2jr in sy huidige gemeente dien. In die portaal en konsistorie is benoemingsvorme beskikbaar. Slegs benoemings op die voorgeskrewe vorm sal aanvaar word en moet **voor of op Sondag 16 Oktober** by die skriba, oudl. At Kruger, ingedien word.

**DATUMVERANDERING**

Die byeenkoms van die **55-Plusers** skuif van **23 September** na **21 Oktober** (gelyklopend met die kursus – ONTDEK JOU GAWES – waarna in hierdie Simbaal is).

BREIBLOKKIES

'n Vriendelike versoek aan al die breiende susters: gaan asb. flink aan met die brei van blokkies. Ons benodig nog heelwat blokkies. Persone wat wol benodig, kan vir Christa Snyman by 0837015498 kontak.

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 25 September 2011

Nommer 27

WEES POSITIEF SÊ GOD

Die hedendaagse lewe is vol bekommernis, daar is baie angste, en mense leef in vrees. Vrees, angste, en bekommernis het nare gevolge.

- ❖ *Vrees* vernietig jou **selfvertroue** en sekerheid.
- ❖ *Angste* vernietig jou **gesondheid** en senuwees.
- ❖ *Bekommernis* vernietig jou **wil** tot sukses.

Al drie hierdie dinge stem jou tot 'n *negatiewe lewensuitkyk*. Die Engelse woord “worry” kom van die Duitse woord “würgen” wat verwurg beteken. Dis wat bekommernis doen, dit wurg die essensie van die lewe uit jou uit. Hoe langer jy jou lewe sien vanuit jou angste, vrese en bekommernisse des te langer word jou lewensmoontlikhede dood gewurg. Na liggaam en siel word jou lewe toegewurg deur bekommernis.

Wat staan jou te doen in die lewe wat daagliks vol bekommernisse, angste en vrese is?

Jy sal angste, vrees en bekommernis met *geloof* moet vervang. Jy sal dit moet vervang met jou *geloofswil* om te oorwin oor die sondegebroke wêreld. Onthou die meeste van jou vrese en angste word nie 'n werklikheid nie. Onthou verder dat die lewe voortgaan of jy jou bekommer of nie. Bekommernis begin klein maar groei groter en groter. 'n Digte mis van 30 meter diep oor 7 stadsblokke bestaan uit 60 duisend, miljoen waterdruppeltjies. Dit het begin by 1 druppeltjie en toe druppelgewys gegroei. Moenie jou vrese en angste druppelgewys laat groei tot dit onhanteerbaar is nie. As jy hierdie negatiewe gedagtes in die wortels bestry sal dit bydra tot 'n positiewe uitkyk op die lewe en tot 'n vrugbare geloofslewe in alle aspekte van jou kind-van-God-wees.

 **PREKE VANDAG**



Dr. Sarel van der Walt

Oggenddiens Tema: **VASTE KOS IS NIE VIR BABA'S NIE!**

Lees: 1 Petrus 1:22 – 2:10

Teks: 1 Petrus 2:1-3

Hierdie gedeelte gaan oor drie trappe van geloofsgroei, en dit is: bekering, die verlange na die voedsel van God se Woord en ons ewige bestemming. Maar ten grondslag van hierdie drie trappe van geloofsgroei, lê die wedergeboorte. Daarin sien ons God se werk in die mens, en hoe dit ontplooi in die daaglikse bekering (die werk van die Heilige Gees in ons lewens), die verlange na die waarheidsvoedsel van God se Woord (soos 'n babatjie smag na daaglikse melk), maar by melkkos kan dit nie bly nie, nee, die volle implikasie van die evangelie moet ons vorm om volwasse te word in die geloof en te hunker na ons ewige eindbestemming.



Aanddiens Tema: **VAN REALITEIT TOT REALIS**

Lees: Hand. 1:1-14, Matt. 28:16-20 en HK 17 & 18

Teks: Hand. 1:9-11

Sondag 17 en 18 leer ons oor onderskeidelik die opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Opstanding impliseer oorwinning – oorwinning oor die sonde en die dood, sodat hierdie oorwinning ook dag na dag realiteit in ons lewens kan word. Hemelvaart impliseer verheerliking van Hom wat verneder is, sodat Hy nou met krag en mag in die hemele heers en alles oorheers – en dat Hy vir ons daardeur 'n pand en waarborg is daarvan dat Hy alles vir ons ten goede sal laat meewerk en ons, as sy lede, ook na Hom sal neem en ons daarom 'n lewende hoop mag hê – en ook dat daardie hoop 'n uitsig mag bied op die realiteit van die ewige lewe.



VERJAARDAE			
Die volgende lidmate verjaar hierdie week en ook gedurende die skoolvakansie.			
27 September	<i>Marlene Lemmer</i>	<i>Wyk 14</i>	018-468-1334
27 September	<i>Liandre Matthysen</i>	<i>Wyk 16</i>	
30 September	<i>Tannie Issie Fourie</i>	<i>Wyk 04</i>	
30 September	<i>Monica Grobler</i>	<i>Wyk 19</i>	082-532-2162
01 Oktober	<i>Minke Blynauld</i>	<i>Wyk 01</i>	
02 Oktober	<i>Tannie Lidi Botha</i>	<i>Wyk 12</i>	018-478-4930
02 Oktober	<i>Rizaan Olivier</i>	<i>Wyk 23</i>	
03 Oktober	<i>Riana White</i>	<i>Wyk 25</i>	
04 Oktober	<i>Louis Strydom</i>	<i>Wyk 11</i>	018-468-4595
06 Oktober	<i>Ben Hanekom</i>	<i>Wyk 07</i>	018-468-5052
07 Oktober	<i>Anzel Joubert</i>	<i>Wyk 15</i>	018-468-4297
08 Oktober	<i>Sonyen Steenkamp</i>	<i>Wyk 02</i>	018-468-2647
08 Oktober	<i>Piet Putter</i>	<i>Wyk 21</i>	083-626-5565
09 Oktober	<i>Leandrie Steenkamp</i>	<i>Wyk 20</i>	082-468-8764
10 Oktober	<i>Kyla Lombard</i>	<i>Wyk 01</i>	
11 Oktober	<i>Wilna Hulshof</i>	<i>Wyk 17</i>	018-468-3134
12 Oktober	<i>Riaan Smit</i>	<i>Wyk 19</i>	083-562-1370
14 Oktober	<i>Alf White</i>	<i>Wyk 25</i>	018-468-2747
14 Oktober	<i>Ria van Dyk</i>	<i>Wyk 24</i>	
Aan elkeen wat in hierdie periode verjaar, hartlik geluk! Mag die Here jou in hierdie nuwe lewensjaar ryklik seën en kroon met sukses.			



♦ Vryheid beteken verantwoordelikheid. Dit is waarom baie mense dit vrees.

KERSSANGDIENS

Dit is vanjaar die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord se voorreg om die jaarlikse gesamentlike kersprogram te reël en aan te bied. Die voorlopige datum hiervoor is Sondagaand 27 November 2011. Lidmate word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die program by wyse van koorsang, musiekinstrumente, voordrag of voorlesings. Alhoewel amptelike oefendatums/-geleenthede nog nie vasgestel is nie, nooi ons belangstellendes uit om intussen in verbinding te tree met die volgende persone:

Hennie Venter – 082 324 2713 & Martie Venter – 073 826 3526
Beide kan ook per epos bereik word by eisi@vodamail.co.za

**UIT OOM PEET SE PEN****MENSEKIND!**

Maak jou vlerke wawyd oop
Kyk hoe gaan die mense dood
Maak jou genade groot, baie groot
Kyk hoe lê hulle in die sloot
Die rede?..hulle het dan geen brood!
Mensekind, glo jy in God so groot?
Het jy gelees wat sê Gods Woord?
Sien jy iemand, jou naaste in nood?
God se genade so groot
Hy dra jou vanaf moederskoot
Is jy dan nie 'n Samaritaan?
Hy laat sy naaste nie in nood
Waar kom jy vandaan, môre is dit jy!
Al is gevaar, hoe ook al groot
Is jy profeet, Leviet, kyk weg van nood?
Gaan gooi jou brood op die water
Jy kry dit mos weer later, sê Gods Woord
Terwyl jy hom bedien met brood
Vertel hom van die Hemelbrood
So maak jy Gods Naam ook groot
Hy, Hy ken ons in ons nood.
Sy Opdrag: Fil.2:3,4
Sy genade is baie groot - so maak jy jou naaste se hart en maag voll
(Bydrae van Oom Peet van der Walt, Readmanstraat.)

**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA****BEROEPE ONTVANG**

- Proponent JJ de Bruyn na Harrismith.
- Dr DF Muller van Buffeldoorns na Pietersburg-Suid.

BEROEPE BEDANK

- Ds. G van Wyk van Pretoria-Brooklyn na Klerksdorp-Noord.

**GELOOFSGROEI BYEENKOMS**

Die kerkraad het 'n kommissie aangewys wat jaarliks 'n geleentheid reël ter toerusting van lidmate en om ruimte te bied waarbinne geloofsgroei kan plaasvind. Hierdie jaar se geleentheid vind plaas gedurende die naweek van **21-22 Oktober** by die kerk en behels die kursus "ONTDEK JOU GAWES". Die kursus fokus daarop om in die lig van God se Woord tot die besef te kom dat elke gelowige bepaalde gawes ontvang het, dat hierdie gawes vir (en in) die kerk aangewend moet word en die wyse waarop dit gedoen kan word. Die program sal voorlopig soos volg daar uitsien:

VRYDAGAAND 21 OKTOBER

18:00 Formele opening

18:15 Ysbreker

18:45 Inleidende gesprek tot die res van die program

19:45 Braai en kenmekaar

SATERDAGOGGEND 22 OKTOBER

09:30 Dagopening

09:00 Kursus word voortgesit

13:00 Afsluiting

Ons versoek vriendelik, dog dringend, dat elkeen wat hierdie geleentheid wil bywoon, asseblief julle name sal opgee by my (Sarel, 082 920 1601 / sarel@gkklerksdorpnoord.co.za) of by Hennie/Martie Venter (082 324 2713 / 073 826 3526 / eisi@vodamail.co.za), OF: elke Sondag van nou af sal daar in die konsistorie en in die voorportaal 'n lys wees waarop jy ook kan aandui of jy die naweek wil meemaak. Dit is vir ons belangrik om 'n aanduiding van getalle te hê aangesien genoegsame kursusmateriaal hiervoor aangekoop moet word.



4. SIMBAAL 25 September 2011



KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
25 September	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
2 Oktober	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
9 Oktober	Barmhartigheid	Pro Ecclesia Beursfonds
16 Oktober	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiëfonds
GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 25 September tot Saterdag 1 Oktober 2011		
Sondag 25 September	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 25 September	Katkisasie	10:30-11:00
Sondag 25 September	Aanddiens	18:00-19:00
Sondag 25 September	Bybelstudie Konsistorie	19:00-20:00
Woensdag 28 September	Bybelstudie Pastorie	10:00-11:00
Vrydag 30 September	Skole sluit	
TEESKINKBEURTE		
Sondag 25 September 2011	Wyke 12 & 13	
Sondag 02 Oktober 2011	Geen teeskink – Vakansie	
Sondag 09 Oktober 2011	Geen teeskink – Vakansie	
Sondag 16 Oktober 2011	Wyke 19 & 20	
Sondag 23 Oktober 2011	Wyke 21 & 22	

BEDANKING

Namens die Diakonie 'n woord van hartlike dank aan die lidmate wat so ruim bygedra het - kontant, kleertjies - vir die tweejarige Dylan by Huis 3 van die Rethabile Kinderhuis, Klerksdorp. Dit word hoog waardeer.
Hanlie Mocke




- ◆ Verlore betrekings en verlore vriende is dikwels die gevolg van verlore selfbeheersing.
- ◆ Met tyd en ondervinding verander ons begeertes.

IMBAAL 25 September 2011

5.

LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING

- Met leedwese maak ons bekend dat tannie Emma Coetzer (Santie van der Westhuizen se ma) verlede Sondagand oorlede is. Die begrafnis was reeds die afgelope Donderdag in Carletonville gewees. Ons bid vir Santie den die familie steeds baie troos toe.
- Tannie Marie Flies was die afgelope week in Wilmed gehospitaliseer, maar is weer ontslaan.
- Sr. Ria van Dyk is die afgelope Donderdag opgeneem in Klerksdorp-hospitaal nadat dit geblyk het dat die chemoterapie wat sy ontvang bepaalde nagevolge het. Baie sterkte toebed.



BYBELSTUDIE

1. SONDAG 25 September 2011 ~ Die Hebreërbrief

19:00 – 20:00	In die konsistorie
---------------	--------------------

2. WOENSDAG 28 September 2011 ~ Lukas-evangelie

10:00 – 11:00	In die pastorie
---------------	-----------------



- ◆ 'n Koppige man het geen menings nie, maar hulle het hom.
- ◆ Wie geen guns bewys nie, het geen reg om gunste te vra nie.



PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk

Skakel Corrie Botha 083 429 4824